Donderdag **3 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 17:9-14**

**Fokusgedeelte: Genesis 17:9 (AFR83/2020)**

**Vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid**

Enige verbond het twee partye wat deur wedersydse bepalings opgerig is. As bepalende deel van die verbond tussen die HERE en Abraham was die belofte dat Hy vir hom en sy nageslag 'n God sal wees, vir hom die hele land Kanaän as eiendom vir altyd sal gee en sy nageslag buitengewoon sal vermeerder.

'n Belangrike teken in gehoorsaamheid van die verbond van Abraham se kant af was om elke manlike persoon onder hulle op die ouderdom van agt dae te besny. Hierdie daad van gehoorsaamheid is 'n sigbare teken vir Abraham en sy nageslag dat hulle God sal aanbid en gehoorsaam. Die gehoorsaamheid is nie 'n manier om God se guns of seën te verdien nie, maar gewortel in 'n hart wat God vertrou en liefhet in reaksie op sy genade en beloftes.

In die Nuwe Testament kom die doop in die plek van die besnydenis. Ons word gedoop in die Naam van die Vader, wat sy ewige genadeverbond met ons oprig, in die Naam van die Seun, wat ons in sy bloed van al ons sondes was, en in die Naam van die Heilige Gees, wat in ons wil bly en ons heilig maak. Christene word deur die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid – om die Drie-Enige God aan te hang, te vertrou en lief te hê, van die sondige wêreld en sy verleiding af te sien en 'n godvrugtige lewe te lei. En as ons weens ons sondige natuur en swakheid in sondes val, mag ons nie daarmee aangaan nie, maar tot bekering kom. Soos in die dae van Abraham, is dit vandag nog net so waar en sal dit tot in ewigheid waar bly. Tydens die heilige doop belowe die ouers dat hulle hierdie kernwaarhede aan hulle kinders sal leer en deur die kerk sal laat leer.

*Sing: Psalm 105-1:1, 5*

*Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)*